# PAARL-SKOOL

Posbus/P.O. Box 140
Privaatsak/Private Bag X09
Roglandstraat/Street, BRACENFELL, 7561
Tel: 021 981 5555/6
Faks/Fax: 021 981 7833
Epos/Email: admin@paarlskool.org.za

# PAARL SCHOOL

Borgliggaam/Sponsoring Body: BADISA
NG Kerk in SA/ Dutch Reformed Church in SA
Geregistreerde Welsynsorganisasie
Fondsinsamelingsnommer 002-970 NPO
Registered Welfare Organisation
Fund Raising Number 002-970 NPO



**Nuusbrief / Newsletter 4/2019** **Datum / Date: 2019-12-02**


## Uit die hoof se pen... From the principal's desk...

Net soos voorheen het ons 'n baie besige jaar beleef. Ek is baie trots om te sê dat ons baie meer hoogtepunte as laagtepunte gehad het. Ek lig graag enkele hoogtepunte uit wat nie elders in hierdie nuusbrief vermeld word nie.

- **Hartseer**
  Ons dink aan personeel, BL lede en ons kosbare leerders wat hierdie jaar ouers, grootouers en geliefdes aan die dood afgestaan het. Ons harte gaan uit na elkeen van hulle. Ons kan egter met groot dankbaarheid sê dat hul 'n ongeloofllike ondersteuningsraamwerk hier by die skool het en dat Paarl-skool help waar ons kan. Mev. Betsie Holtzhausen (oud-personeellid by Paarl-skool) is ook hierdie jaar oorlede.
- **Loslitdag**
  Dit is duidelik dat die ekonomie onder geweldige druk verkeer en ons kon dit sien aan die verkope van Loslitdag plakkers. Loslitdag het ook in 2018 gekompeteer met ons eie konsert en feesjaar wat ons ouers se begrotings moeilik laat klop het. Ten spyte hiervan het die PSOS steeds twee pryse gewen; vir die derde meeste kaartjies verkoop en derde plek in die Top Tien Beste Nie-regeringsorganisasies in die Weskaap in 2018! Baie dankie aan die PSOS en spesifiek mevv. Martie Wilmot en Carin Swart vir hierdie groot poging. Hierdie jaar was die leerders ook weer bederf met 'n heerlike pretdag. Dankie aan mev. Hannah Weber vir haar ondersteuning en hulp.
- **Sport en kultuur**
  Ons is so trots op elkeen van ons leerders wat uitgeblink het op sport- en kultuurgebied. Meer as 40 leerders het sertifikate en medaljes ontvang by die Paarlvallei Eisteddfod vir sang, gedigte en visuele kuns. Drie van ons leerders se kunswerke is uit meer as 2000 inskrywings gekies vir die WKOD se "Visual Art Celebration - Every Picture Tells a Story". Hulle kunswerke was deel van die WKOD se provinsiale kunsuitstalling by die Zeitz Museum vir Kontemporêre Kuns in Kaapstad. Hulle is Saterdag 5 Oktober omtrent bederf en soos "VIP's" behandel by die opening van die uitstalling.
  Baie dankie aan al die afrigters, personeel en toegewyde ouers, asook persone wat hul dienste vrywilliglik aangebied het om ons leerders te help en te ondersteun.
- **Kalender**
  Die PSOS het hard gewerk om die vierde kalender die lig te laat sien. Hierdie kalender beeld die pragtige kuns van ons leerders uit. Groot dank aan Esmé Tucker, Ronel van Dijk en Martie Wilmot vir hulle aandeel in hierdie projek.
- **Entrepeneursaand**
  Die 21 Senior Fase leerders betrokke tydens ons Mnr. en Mej. Paarl-skool Ambassadeursaand se harde werk en verkope het ons verstom laat staan. Niks gebeur vanself nie en ons is dankbaar en trots op elkeen wat ons leerders ondersteun het in hierdie projek!
- **Die wêreld-van-werk**
  Ons probeer ook ons Praktiese Fase leerders blootstel tydens die koffiewinkels wat elke kwartaal gereël word. Hulle bemark met trots die produkte wat as deel van hul Landbouvak gekweek word, asook die produkte wat hulle self maak.
- **Uitreike en opleiding**
  Paarl-skool het as bronnesentrum weer uitstekend gevaar hierdie jaar. Ons onderwyspersoneel, terapeute en inklusiewe onderwysspan het suksesvolle uitreikprogramme aangebied. Een van die hoogtepunte was 'n werkswinkel wat in samewerking met SANASE, 'n Beheerliggaamorganisasie vir Spesiale Skole in Suid-Afrika, aangebied is waar koshuispersoneel opleiding ontvang het. Dit was so suksesvol dat ons 'n opvolg werkswinkel in die toekoms beplan.
- **Personeel prestasies**
  Mnr. Hein van der Merwe is genomineer vir 'n Nasionale Onderwysers Toekenning in die kategorie "Excellence in Special Needs Teaching" en aangewys as naaswenner in die Metropool-Oos Onderwysdistrik.
  Me. Ronel van Dijk was betrokke by die aanpassing van die boek "Die Kokerboom" vir spesiale onderwys. Sy het die illustrasies gedoen en gehelp met die vertaalwerk in Xhosa.
  Me. Punt, een van ons sielkundiges, het die Rektorstoekenning ontvang vir die beste Meestersstudent in die Onderwysfakulteit by die Universiteit van Stellenbosch.

- **Waardes**
  Die Weskaapse Onderwysdepartement (WKOD) is tans besig om 'n strategie by alle skole en WKOD instellings uit te rol wat daarop gemik is om waarde gedrewe onderwys te vestig. Die strategie staan bekend as "Transformeer om te Presteer" (T2P). Paarl-skool het meer as 5 jaar gelede vier kernwaardes (respek, verantwoordelikheid, omgee en moed) geïdentifiseer en gevestig. Dit, tesame met ons Pêrelklubbelonіngstelsel, stem ooreen met die WKOD se T2P projek.
- **Dankie**
  Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om die volgende persone en afdelings te bedank - soos gesê.... "Niks gebeur vanself nie!" (Leon du Toit, oud-hoof van Jan Krielskool)
  - Baie dankie aan ons Beheerliggaam vir die afgelope jaar se leiding en hulp. Ons kon nie vir meer bekwame persone gevra het om leiding te neem van Paarl-skool nie!
  - Ons is so bevoorreg om personeel te hê wat werklik die hart van ons leerders ken en verstaan en wat alle vordering (hoe gering ook al), asook teleurstellings met ons leerders beleef en hul elke dag aanspoor om hul ideale en drome te bereik! Paarl-skool bedank ons gronde personeel, algemene assistente, klashulpe, koshuispersoneel, nutsmanne, busbestuurders, vervoerkoördineerders, fasiliteerders, administratiewe personeel, finansdames, emosionele ondersteuningspan, terapeute, verpleegpersoneel, maatskaplike werker, leerondersteuners, ons inklusiewe onderwysspan en laaste maar nie die minste nie, ons opvoeders en die skool se bestuurspan. Elkeen is 'n skakel in 'n baie gespesialiseerde ketting wat die skoolproses laat voortbeweeg.
  - Sonder die voorbidding van ouers, personeel en ander mense wat omgee sal ons skool geestelik baie armer wees. Ek het weereens my inspirasie geput toe ek in Spreuke 16:3 die volgende lees: "Laat wat jy doen, aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk."

Geniet die welverdiende ruskans en mag u en u gesin weer veilig by ons aansluit in 2020!

Groete

Stoffel Kruger

# PRAKTIESE FASE AFSLUITING

Op 29 Oktober 2019 was dit die Praktiese Fase se jaarlikse afsluitingsfunksie. Die Juniors het 'n pragtige kerskonsert opgevoer en so ook die blye boodskap kom bring vir almal. Die skoolverlaters is uitgesonder en geëer met 'n baie spesiale plegtigheid waartydens Mnr. Kruger vir hulle sertifikate oorhandig het. Dit is ook altyd 'n geleentheid waar die Praktiese Fase die personeel betrokke by ons leerders eer en bedank vir dit wat hulle op 'n daaglikse basis doen. Verder is daar heerlik geëet en gedans. Dit was 'n feestelike oggend!









# MNR. & MEJ. PAARL-SKOOL AMBASSADEUR

Op 18 September 2019 het Paarl-skool die derde Mnr. & Mej. Paarl-skool Ambassadeur Gala-aand aangebied. Die bekende rolprent: The Greatest Showman, was die tema en inspirasie vir dramatiese kostuums, 'n groot sirkustent op die verhoog en musiek wat die gehoor na 'n verbeeldingswêreld geneem het. Die leerders het sowaar soos die einste karakters uit die rolprent gelyk. Dankie aan Esmé Tucker vir haar tyd en passie waarmee sy die kostuums en dekor beplan, ontwerp en gemaak het. Die vertoning het begin met een van die liedjies uit die rolprent, A million dreams, met lirieke wat volg: "I think of what the world could be. A vision of the one I see. A million dreams is all it's gonna take. A million dreams for the world we're gonna make." Op die verhoog het elke finalis se unieke lewensverhaal bygedra tot die simboliese illustrasie dat elke leerder in Paarl-skool uniek is en dat niks in jou pad moet staan om jou drome uit te leef nie! Die finaliste het ook in paartjies aan 'n gemeenskapsprojek gewerk wat hulle deur 'n uitstalling in die kleinsaal uitgebeeld het. Dié einste uitstallings gesamentlik met die leerders se opnames oor hulle struikelblokke wat hulle by Paarl-skool oorkom het, het diep emosies ontlok en almal net weereens laat besef dat ons moet voluit leef, met oop arms gee en elke droom nastreef. Die kroning was die groot oomblik van die aand. Kayleigh & Zaylin is as 2de prinses & prins gekroon, Lavica & Skye as 1ste prinses & prins en 2016 se wenners Elanza Jordaan en Matthew Brooks moes hul titels oorhandig aan die wenners van hierdie asemrowende geleentheid, Mnr. & Mej. Paarl-skool Ambassadeur 2019: Shaneeze November & Xandré van den Berg. Paarl-skool wens die twee Ambassadeur wenners baie geluk. Ons wil ook aan elke betrokke en talentvolle opvoeder dankie sê vir elkeen se groot aandeel tot hierdie suksesvolle aand. 'n Spesiale woord van dank aan Hein van der Merwe wat die Mnr. en Mej. Paarl-skool Ambassadeur 2019 projek met uitnemendheid gekoördineer en bestuur het. Paarl-skool streef daarna om ons leerders aan te moedig om te droom, te glo en die beste van elke geleentheid te maak.







# BEDANKINGSTEE

Die Emosionele Versorgingskomitee het Dinsdag 22 Oktober ongeveer 70 gaste met 'n gesellige tee en kuieroggend by Paarl-skool bedank vir hulle milde bydraes op verskeie gebiede, soos bv. toebroodjies, kospakkies en verjaarsdagkoeke vir ons behoeftige leerders en hulle gesinne. 'n Hoogtepunt was die pragtige sang- en voordragitems wat deur 'n aantal leerders gelewer is. Ons is so dankbaar om sulke steunpilare in ons gemeenskap te hê.











# 40 DAYS

Op 9 Oktober het die skoolverlaters van die Praktiese Fase hul "40 days" gevier. Hulle moes aantrek volgens 'n land en daar was 'n parade gehou om die bes geklede leerder aan te wys. Verder was daar tonne pret beplan vir die dag, van 'n "MasterChef" koekversierkompetisie tot 'n klaspartytjie en karaoke sessie. Die leerders en personeel het hul gate uit geniet.









# KOOR

Die koor het hierdie termyn twee suksesvolle optredes gehad. Hulle het deelgeneem aan 'n "Broadway Spectacular" op 24 Oktober saam met Ronel van Dijk, Niel Roux, Adri Louw, John Oosthuizen en Anthea Norman. Die gehoor het dit terdeë geniet om te luister na bekende liedjies uit welbekende musiekblyspele.







Die koor het die geleentheid gehad om saam met Emo Adams op te tree by Laerskool Brackenfell. Ons koor was 'n treffer met hulle opgewekte liedjies en persoonlikhede.

# TOP 10 ATLETIEK @ NAPIER

Paarl-skool het een span met 10 atlete ingeskryf en 6de uit 18 spanne geëindig met 11 goue, 14 silwer en 8 brons medaljes. Joshua Meyer O/14 en Xandré van den Berg O/15 het elkeen die beste atleet van die dag in hul ouderdomsgroepe gewen. Dit is die derde jaar agtereenvolgens dat Xandré hierdie gesogte toekenning verower het. Dankie aan: Ronel van Dijk, Lehandri de Necker, Anke Ingram, Tiaan Koch, Hein van der Merwe en Arno Bruytenbach wat ons atlete vergesel het en die dag beamptes was. Ons het baie lekker in Struisbaai gekuier en is Sondag by Bredasdorp Country Manor met 'n heerlike ontbyt bederf. Ons is baie trots op ons atlete!









# PRESTIGE-AAND

Die Prestige-aand van 2019 was weereens 'n hoogtepunt waar ons die akademiese, sport en kultuur prestasies van ons leerders erken het. Gaste is met styl deur Mnr. en Mej. Paarl-skool Ambassadeur ontvang, met Skriflesing en gebed deur ons hoofprefekte verwelkom en deur leerders wat op die Eisteddfod presteer het vermaak. Mnr. Yzelle (voorsitter van die Beheerliggaam) en mnr. Kruger het 'n terugblik op die 2019 skooljaar voorgehou, voordat die leerders hulle individuele toekennings ontvang het.








# Koshuis Kersfees Partytjie





Groot opgewondenheid het geheers in die koshuis op die vooraand van ons jaarlikse Kersfees partytjie. Almal wou seker maak hulle is op Kersvader se soetlys, terwyl ons die heerlikste reuke uit die kombuis moes trotseer. Baie spesiale aand vir baie spesiale kinders. Dit bly n voorreg om ons kinders se ogies te sien skitter.







# ONS GROET...



## Janine van der Berg

Janine was vir 12 jaar verbonde aan die Voorskoolse Fase as klashulp. Dankie vir jou toewyding en goeie samewerking deur die jare. Ons sal jou aansteeklike lag en liefde vir ons kinders baie mis. Ons wens jou alles wat mooi is vir die toekoms.



## Sinead Comninos

Ons groet vir Sinead, ons internsielkundige van die afgelope jaar. Haar besondere omgee vir ons leerders, ouers en opvoeders verdien spesiale vermelding. Dit was werklik 'n voorreg om saam met haar te kon werk. Ons wens haar alle sterkte toe vir die toekoms.

## Henda van Schalkwyk



Bekwame en geliefde opvoeder by Paarl-skool vir die afgelope 25 jaar. Henda was vir 11 jaar betrokke by die koshuis en was vanaf 2005 - 2013 die superintendent van die koshuis. Sy sal veral onthou word vir haar passie vir boeke en lees, maar ook vir haar kennis van Geskiedenis en Geografie – haar twee passies. Sy was vir 'n hele paar jaar fasehoof van die Senior Fase en ons Biblioteekbestuurder – 'n fenomenale monument wat sy agterlaat. Henda, ons wens jou ook 'n fantastiese aftrede toe, maar weet jou hande gaan onmiddellik weer iets vind om jou besig te hou.

## Sandra Hollander




Sandra Hollander was vir die afgelope 23 jaar Departementshoof by Leerondersteuning. Sy het reuse werk verrig by ons skool in haar hoedanigheid as remediërende spesialis, kundige op die gebied van die kind-in-onderwys nood en departementshoof getaak met die enorme taak van alternatiewe assessering en die reël van skrywers en lesers. Sandra, baie dankie vir dit wat jy tot stand gebring het, jou kundigheid en uitstekende geduld wat jy openbaar het. Ons leerders gaan hulle "Tannie/Juffrou Sandra" baie mis. Geniet jou aftrede saam met jou eggenoot Fredrich.

# HOOFLEIERS





Cara-Li Groenewald en Shaneeze November is aangewys as hoofleiers vir die jaar op ons jaarlikse Prestige-aand. Baie geluk aan beide leerders met hierdie besondere prestasie.








Baie geluk aan Tiaan Louw wat gekies is om Warriors on Wheels en Paarl-skool in Durban op Sondag 20 Oktober 2019 te verteenwoordig. Hy het die 65 km Warrior on Wheels-wedloop voltooi. Sy waentjie was getrek deur Marc Schreuder. Welgedaan Tiaan!

# PERSONEELAANGELEENTHEDE

**PRESTASIES**
- Baie geluk aan mev. Yvette Punt, een van ons sielkundiges, wat die Rektorstoekenning ontvang het vir die beste Meestersstudent in die Onderwysfakulteit by die Universiteit van Stellenbosch. Paarl-skool is trots op jou!

**BAIE GELUK AAN**:
- Mev. Marietha Ras (voorheen Robbertse) wat op 2 November in die huwelik getree het met mnr. Nico Ras. Ons bid vir God se seën op jul huwelik.
- Mev. Elsa Fourie wat op 1 November 'n kleindogter, Elmi Fourie, ryker geword het.
- Mev. Hannelie Crous wat op 29 September geseën is met die geboorte van 'n kleinseun.

**AFLOSPERSONEEL**
Baie dankie aan:
- Mev. Rina Smit wat afgelos het in mev. Elana Carstens se Gr.3 klas, terwyl sy met siekverlof was.

**MATRIKULANTE**
Ons hou ons personeellede wie se kinders in 2019 in matriek was steeds in ons harte en gebede, totdat ons die uitslae kry.
- Mnr. en Mev. Stoffel en Elsabé Kruger se seun, Armand
- Me. Reinet Barnard se dogter, Madelein
- Me. Karen Visser se seun, Sidny
- Me. Elize Frans se dogter, Elizna
- Me. Jacky Williams se dogter, Chanelle

**SIEKTE**
Ons dink aan:
- Me. Janet Goliath wat 'n knie operasie ondergaan het en steeds in die herstelfase is.

**VERLIES**
- Me. Denise Meyer se skoonmoeder is hierdie kwartaal oorlede. Ons innige simpatie met jou groot verlies.

**ONS GROET**
- Me. Petro Ackerman (assistent in die Senior Fase) wat na vele jare by Paarl-skool in hierdie kwartaal klaargemaak het.
- Me. Rudelene Meyer (skoonmaker) wat ons aan die einde van November verlaat.

Ons wens julle alles van die beste toe vir die toekoms.



*Mag die feesgety gevul wees met liefde, lag en saamwees en mag elke dag vir julle vreugde bring in die jaar wat voorlê.*